# DIE HELE SKRIF IS GEÏNSPIREERD

## 2 Tim. 3:16

> "Die **hele Skrif** is deur Elohiem ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid…"

Wat is die "hele Skrif" waarna Paulus hier verwys? Daar is 'n siening dat dit eintlik na die Tanach/Ou Testament moes verwys het, maar het Paulus nie juis na die Melgisèdekskrifte van die Nuwe Testament verwys nie, wat weer gefundeer is op die Torah en Profete?

**DIE WOORD**

Johannes begin sy evangelie deur met die intrapslag te verduidelik dat JaHUsha Messias die **Woord** is waarvan daar in Gen. 1:1 gepraat word. Johannes gebruik hier die Torah en die Profete as fondasie.

> Joh. 1:46 "Fillippus het Natànael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van **wie** Moses in die **Torah** en ook die **Profete** geskrywe het: **JaHUsha**, die seun van Josef van Nàsaret."

Moses het geprofeteer aangaande 'n Profeet van JaHUaH wat sal wees soos wat hy (Moses), vir die volk is. Dit het verwys na JaHUsha Messias, die **Woord van Elohiem** en Moses het geprofeteer dat daar geluister moet word na wat **Hy sal spreek** omdat Hy in JaHUaH se Naam sal spreek.

> Deut. 18:15 – 19 "'n **Profeet** uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal JaHUaH jou Elohiem vir jou verwek; na Hom moet julle luister – net soos jy van JaHUaH jou Elohiem by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die **stem** van JaHUaH my Elohiem nie langer **hoor** en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek.
> Toe het JaHUaH vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het.
> **'n Profeet** sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, **soos jy** *(Moses)* is, en Ek sal **My Woorde** in **Sy mond** lê, en Hy sal aan hulle **sê** alles wat **Ek hom beveel**.
> En die man wat nie luister na **My Woorde** wat Hy in My Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis."

Die Woord se ontstaan is **van die begin af** en wat JaHUsha se identiteit betref, verwys Johannes ons dan terug na Gen. 1:1 as hy wil verduidelik wie JaHUsha is.

> Joh. 1:1 "**In die begin** was die Woord, en die Woord was by Elohiem, en die Woord was Elohiem."

> Gen. 1:1 "**In die begin** het Elohiem die hemel en die aarde geskape."

Hoewel ons die eerste boek ken as "Genesis", is dit in Hebreeus "**Beresheet**", wat beteken "In *die* Begin".

Johannes sê dat JaHUsha (wat die Woord is wat vlees geword het, Joh. 1:1 en 14) van die begin af bestaan, maar hy sê ook by implikasie dat **JaHUsha as die Woord** in die eerste boek van die Skrif, naamlik in **Beresheet,** is. Joh. 1:1 – 2 kan dus ook só geïnterpreteer word:

> "In **Beresheet** was die Woord, en die Woord was by Elohiem, en die Woord was Elohiem. Hy was in **Beresheet** by Elohiem."

Dis hierdie "**Woord wat in Beresheet was**" wat vlees geword het, met wie Paulus 'n ontmoeting gehad het in Hand. 9.

> Joh. 1:14 En **die Woord het vlees geword** en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

**PAULUS ONTMOET DIE WOORD**

Paulus het dus 'n ontmoeting met hierdie Woord wat van die begin af was, vanaf Genesis, gehad. Hy was self die inspirasie vir Paulus se briewe.

> Hand. 9:5 "En hy sê: **Wie is U Meester**? En die Meester antwoord: **Ek is JaHUsha** wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop."

Diè ontmoeting het sy hele lewe en **rigting verander**. Eers het hy die volgelinge van die Messias vervolg, nou word hy self **'n volgeling van Hom** OMDAT Sy geestesoë <u>verhelder is</u> sodat hy JaHUsha as Messias kon herken, maar terselfdertyd het hy ook 'n <u>direkte opdrag</u> van Hom gekry om aangaande **JaHUsha te getuig** wat <u>hy gesien het</u> en ook soos hy **verder** vanaf JaHUsha sal bly ontvang**.**

> Hand. 26:15 – 20 "Toe sê ek: Wie is U Meester? En Hy sê: **Ek is JaHUsha** wat jy vervolg.
> Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem **tot** 'n **dienaar** en **getuie** van die dinge **wat jy gesien het** en van die dinge **waarin Ek** <u>nog</u> aan jou **sal verskyn**,
> terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene **na wie Ek jou nou stuur**,
> om hulle **oë te open**, dat hulle hul van die **duisternis** tot die **lig** kan bekeer en van **die mag van die Satan tot Elohiem**, sodat hulle deur die geloof **in My** vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die afgesonderdes kan ontvang.
> Daarom, koning Agrippa, **was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie**,
> maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judèa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot Elohiem bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas."

Petrus verduidelik ook dat Paulus **nie uit sy eie** geskryf het nie, maar **met wysheid** wat **aan hom gegee is**.

> 2 Pet. 3:15 – 16 "En ag die lankmoedigheid van onse Meester as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook **met die wysheid wat aan hom gegee is**, aan julle geskryf het, net soos in <u>al die briewe</u>.
> Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hulle eie verderf."

Die wysheid wat aan hom gegee is word gespesifiseer in Lukas 11:49 en in 1 Kor. 1:24 waar **JaHUsha** die "**Wysheid van Elohiem**" genoem word.

> Luk. 11:49 “Daarom het die **Wysheid van Elohiem** ook gesê: Ek sal profete en apostels na hulle stuur, en van diè sal hulle doodmaak en vervolg.”
>
> 1 Kor. 1:24 “ … **Messias,** die krag van Elohiem en die **Wysheid van Elohiem**.”

**DIE GEES**

JaHUsha het teen daardie tyd al opgevaar na die hemel toe, en Paulus het hierdie Wysheid nou deur die Gees van JaHUsha gekry. JaHUsha het aan die dissipels belowe dat die Gees hulle sal leer en lei in die Waarheid nadat Hy opgevaar het.

> Joh. 16:13 – 15 “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in **die hele waarheid lei**; want Hy sal **nie uit Homself spreek nie**, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.
> Hy sal **My verheerlik**, omdat **Hy dit sal neem uit wat aan My behoort**, en **aan julle verkondig.**
> **Alles wat die Vader het**, is **Myne**; daarom het Ek gesê dat **Hy dit sal neem uit wat aan My behoort**, en **aan julle verkondig**.”

Baie belangrik … sonder die Gees het mens dus **nie** die Seun nie, en **sonder die Seun** het mens nie die Vader nie.

> 1 Joh. 2:23 – 24 “Elkeen **wat die Seun loën**, het ook **nie die Vader nie**. Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly.
> As in julle **bly** wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.”
>
> Joh. 14:10 “Glo jy nie dat Ek **in die Vader is** en **die Vader in My nie**? Die woorde wat Ek tot julle spreek, **spreek Ek nie uit Myself nie**; maar die Vader **wat in My bly**, Hy doen die werke.”

Die salwing van die Gees is vanaf JaHUsha om ‘n voortgesette leermeester vir ons te wees **às** ons in JaHUsha bly.

> 1 Joh. 2:27 “En die salwing wat julle **van Hom** ontvang het, **bly in julle**, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos diè julle geleer het, **so moet julle in Hom bly**.”

Wanneer Elohiem ons leer, lei dit ons onvermydelik altyd na JaHUsha toe.

> Joh. 6:44 – 45 “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
> Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal **almal deur Elohiem geleer** wees. Elkeen dan wat dit van die Vader geleer het, **kom na My toe**.”

In die bedeling van die Nuwe Testament is die Gees uitgestort (Hand. 2) en dis ook in die Nuwe Testament waar ons die Seun ontmoet.

> Matt. 13:17 “Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.”

So is dan geen profesie uit enige profeet se **eie wil** voortgebring nie, maar deur die Gees.

> 2 Pet. 1:20 - 21 “terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitleg is nie; want geen profesie is ooit deur **die wil van ‘n mens** voortgebring nie, maar, deur **die Afgesonderde Gees gedrywe**, het die afgesonderde mense van Elohiem gespreek.”

Ons kan dus nie ons eie uitlegging gee vir dit wat Paulus geskryf het nie, want hy het nie uit menslike wysheid of uit homself geskryf nie, maar deur die Gees van JaHUsha om Hom as die Seun van die Vader te openbaar sodat mense die Ewige Lewe kon deelagtig word.

> 1 Kor. 2:13 “Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die **menslike wysheid** leer nie, maar met **diè wat die Afgesonderde Gees leer**, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.”

**PAULUS SE BRIEWE IS GEÏNSPIREERD**

In 2 Pet. 3:15 – 16 het ons gesien dat aan Paulus Wysheid gegee is om te kon skryf.

Wysheid is Strong’s G4678, “**sophia**”. Dis afkomstig van Strong’s G4680, “**sophos**”, wat ook “**clear**” beteken. “Clear” is: “**helder**, **duidelik**”.

> 4678 *sophía* (cf. *saphēs*, "clear") – ***wisdom*** (properly, "**clarity**").
>
> [4678 (*sophía*) is the root of the English terms, "***sophisti***cation" and "philo***sophy***" – literally (respectively), "**the art of using wisdom**," "affection for wisdom."] - Biblehub.com/Greek

So, Paulus het met helderheid en duidelikheid of dan, “met Insig” geskryf soos wat dit aan hom gegee is nà sy ontmoeting met JaHUsha (Hand. 9).

> 2 Pet. 3:15 – 18 “En ag die lankmoedigheid van onse Meester as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook **met die wysheid wat aan hom gegee is**, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe.
> Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en **onvaste** *(G793)* mense **verdraai**, net soos die ander Skrifte, tot hulle eie **verderf** *(G684)*.
> Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en **wegval** uit julle eie **vastigheid** nie.
> Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Meester en Saligmaker, **JaHUsha Messias**. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amein.”

“Onvaste” mense verdraai egter dit wat Paulus geskryf het tot hulle eie verderf.

“Onvaste” is Strong’s G793, “**asterikto**s”, “**unstable**”. Dis afkomstig van Strong’s G4741, “**sterizo**”, “**to set fast**, confirm… not confirmed”.

> astériktos: unstable, unsettled

> 793 *astḗriktos* (an adjective, derived from 1 /*A* "not" and 4741 /*stērízō* "confirm") – properly, **not established** (unstable), describing someone who (literally) **does not have a staff to lean on** – hence, a person **who can *not* be relied on** because they are **not steady** (do not remain fixed, i.e. unstable). - Biblehub.com/Greek

Die onvaste mense wat dit wat Paulus geskryf het **verdraai**, is dus hulle wat nie **'n voet het om op te staan n**ie. Dis nie iemand **waarop mens kan steun nie**, want so 'n persoon is onstabiel en sal mens "laat val".

Hulle wat dus JaHUsha as "die Wysheid" **nie het nie**, het nie insig nie. Paulus het wel JaHUsa as Wysheid gehad nà die Damaskuspad ervaring.

Daar is dan ongelukkig mense wat **JaHUsha eenkant toe sit** en wat dan dit wat Paulus geskryf het **bevraagteken** en dan gee hulle "lering" uit onder hulle "**eie outoriteit**" (nie die Skrif s'n nie), volgens hulle "**eie begrip**". Dit is tot hulle **eie verderf** … en ook natuurlik tot die verderf van diegene wat hulle volg.

"Verderf" is Strong's G684, "apoleia", wat "perdition" is. Dit hou in dat dit die **verlies is** van die Ewige Lewe.

> apóleia: destruction, **loss**
>
> Short Definition: destruction, ruin, loss
> Definition: destruction, ruin, loss, perishing; eternal ruin.
>
> 684 /*apṓleia* ("perdition") does *not* imply "annihilation" … b. in particular, the destruction which consists in the **loss of eternal life**, eternal misery

Dit is wat die lot is van diegene wat **uitgesluit** word vanuit die Koninkryk van Elohiem *(Open. 17:8, 11, Open. 19:20, Fil. 3:19, 2 Pet. 3:16).* Hulle **verloor** die Ewige Lewe.

Dit is dus 'n **baie ernstige saak** om te sê dat Skrif **nie Skrif is nie** en dit is presies wat gebeur as daar geredeneer word dat 2 Tim. 3:16 nie geskryf is as **verwysende** na **die Nuwe Testament** nie.

Daar is mense in ons dae wat net soos die Fariseërs van destyds reageer wanneer hulle met die Melgisèdekskrifte omgaan en dit ten spyte van die sterk getuienis van die Afgesonderde Gees van die oorvloedige waarheid in die Woord van Elohiem en mens kan nie help om te wonder of so 'n persoon 'n "Joh. 3"- ervaring gehad het nie. Net Elohiem sal verseker weet.

2 Pet. 3:17 waarsku dan voorts dat ons **op ons hoede** moet wees om nie meegesleur te word deur dwaling nie.

> "Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien **meegesleep** word deur die **dwaling** van sedelose mense en wegval uit julle eie **vastigheid** nie."

Ons moet inteendeel kan **toeneem** en **groei** in die genade en kennis **van Messias JaHUsha**.

> 2 Pet. 3:18 "Maar julle moet **toeneem** in die genade en **kennis** van onse Meester en Saligmaker, **JaHUsha Messias**. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amein."

Ons kan slegs groei en toeneem in kennis aangaande Messias JaHUsha as ons die Melgisèdekskrifte, naamlik die Nuwe Testament, wat van Hom getuig, bestudeer om dit beter te kan begryp.

Tog is daar die geneigdheid om net deur die oë van die Torah van Moses of selfs deur die oë van die Wêreld na JaHUsha te kyk, terwyl Hy ten diepste begryp moet word as **MelekTzadek JaHUsha**.

**DIE HELE SKRIF**

Ons moet dus baie seker maak wat die "hele Skrif" is waarvan daar in 2 Tim. 3:16 gepraat word. Dis deur Elohiem "ingegee".

> 2 Tim. 3:16 – 17 "Die <u>hele Skrif</u> is **deur Elohiem ingegee** en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van Elohiem volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

"Deur Elohiem ingegee" is Strong's G2315 "**theopneustos**" (vanaf G2316, theos "**God**" en G4154, pneo "**breathe out**") ….

Dit wil sê ... "**uitgeasem deur Elohiem**" ... deur Elohiem geïnspireer.

> theopneustos: **God-breathed**, i.e. <u>inspired by God</u>
> 2315 /*theópneustos* ("God-breathed"), likely a term *coined by Paul*, "expresses the sacred nature of the Scriptures (**their divine origin**) and their power to sanctify believers" (C. Spicq, 2, 193). – Biblehub.com/Greek

Dit beklemtoon dat daar 'n inspirasie van Skrif was deur Elohiem en die woord "theopneustos" is **slegs** hier in 2 Tim. 3:16 deur Paulus gebruik.

So, vir iets om te **kwalifiseer** as "**Skrif**", moet dit ooreenkom met twee kriteria:

1. Dit moet **vanaf Elohiem** wees en
2. deur Sy Gees "**uitgeasem**" of geïnspireerd wees.

Paulus skryf hier aan die jonge Timotheus. Is dit dan nou Paulus wat sommer net skryf of is sy skrywe "**uitgeasem deur Elohiem**"?

Daar is dus 'n spesifieke doel vir die woorde, "die hele Skrif", waarvan hy skryf wat na vore kom as ons verder lees.

> 2 Tim. 3:16 " …. is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid … "

Dit beteken dit kan **slegs** die Nuwe Testament wees terwyl die Ou Testament as "**Fondasie**" gebruik moet word, sodat ….

> " … die mens van Elohiem **volkome** kan wees, vir elke goeie werk **volkome toegerus**." (2 Tim. 3:17)

JaHUsha se lering oor die Koninkryk van die Hemel in die Melgisèdekorde is mos verseker Skrif. Mense het Hom aangeneem as Messias en huisgemeentes het dan tot stand gekom. Lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing in die geregtigheid, **was dus noodsaaklik**.

Die dissipels en ook Paulus moes gedurig **vanuit die Torah en Profete** verduidelik het dat JaHUsha die Messias is, terwyl Judaïsme terselfdertyd weerlê moes word, maar ook die gebruike van die Heidene moes afgeleer word terwyl hulle moes aanleer **wat die Waarheid is** waarin hulle nou moes wandel. Dit kon net geskied deur **voortdurende** lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing in die geregtigheid.

Hier word dus van onderwysing ter wille van die **geestelike** Melgisèdekorde gepraat. Dit het die Levitiese orde waar die Torah van JaHUaH eers fisies toegepas is vervang, wat voortdurende lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing geverg het om die **geestelike toepassing** van die Torah van JaHUaH te verduidelik.

Timotheus was 'n jong man wat Paulus se navolger geword het (2 Tim. 3:10), terwyl Paulus weer 'n navolger van Messias JaHUsha was soos reeds al hier bewys is en die briewe aan Timotheus was van die **laastes** wat Paulus geskryf het. Van die Evangelies kon al geskryf gewees het, asook die meeste van Paulus se ander briewe.

Paulus leer dus vir Timotheus dat al daardie Skrifte **geïnspireerde Skrifte** is.

Om dus te beweer dat 2 Tim. 3:16 eintlik net na die Ou Testament verwys, is baie beslis VALS.

Sou daar dan geïmpliseer word dat die Nuwe Testament nie Skrif is nie!?

**LASTER**

Om te sê dat Skrif (soos die Nuwe Testament hier) nie Skrif is nie, is 'n BAIE ERNSTIGE SAAK. Dit kom neer op die **uitblus van die Gees** (1 Tim. 5:19) en op lastering van die Gees soos wat die Fariseërs gedoen het toe hulle dit wat JaHUsha gedoen het aan Beëlsebul toegeskryf het (Matt. 12:24 – 34).

Die onvergeeflike sonde, naamlik Lastering teen die Gees, is al op baie maniere geïnterpreteer, maar die ware betekenis kan nie ander Skrif weerspreek nie. Dit is baie duidelik dat die een onvergeeflike sonde, die sonde is om <u>permanent</u> die Ware Messias van Israel te **verwerp** (Joh. 3:18, 36).

> Joh. 3:18 "Hy wat **in Hom glo**, word nie veroordeel nie; maar **hy wat nie glo nie**, is alreeds veroordeel **omdat** hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van Elohiem nie."
>
> Joh. 3:36 "Hy **wat in die Seun glo**, het **die ewige lewe**; maar hy wat **die Seun** ongehoorsaam is, **sal die lewe nie sien nie**, maar die toorn van Elohiem bly op hom."

Die Nuwe Testament getuig van die Ware Messias as Melgisèdek (Heb. 6:20, Heb. 7, Heb. 8). Dis 'n probleem in die oë van diegene **wat Hom nooit aanvaar het nie** en wat dan **nie** die Nuwe Testament as Melgisèdekskrifte aanvaar nie.

Paulus se briewe is nie moeilik om te verstaan as daar op JaHUsha as MelekTzadek Messias gefokus word nie. Dit veroorsaak egter konflik wanneer daar **slegs** vanuit die Torah van Moses geopereer word.

MelekTzadek JaHUsha se Gees bring egter vir **ons helderheid** en Hy is **met ons** tot aan die voleinding van die wêreld.

> Matt. 28:19 – 20 "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, **Ek is met julle** al die dae **tot aan die voleinding van die wêreld**. Amein."

**SLOT**

Alles in aggenome het Paulus hier **ten eerste** na die Melgisèdekskrifte, naamlik die **Nuwe Testament**, verwys, soos dit **gefundeer** is op die Torah as eerste vyf boeke en die Profete, wat dus ook die hele Ou Testament sal insluit.

Die Ou Testament en die Nuwe Testament is soos Twee Getuies wat die Kandelaar (JaHUsha, die Lig en die Woord) laat brand om vir ons 'n lig te wees op ons pad en 'n lamp vir ons voet.

Die "hele Skrif" in 2 Tim. 3:16 verwys dus op die einde van die dag na **die Hele Skrif**, vanaf Genesis tot Openbaring.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Desember 2016